# WAT SÊ DIE SAN OOR WOLKE

Die San hou gedurig die wolke dop. Hulle sê daar is wolke wat reën laat val en daar is wolke wat kurkdroog is. Daar is donderwolke wat water, vuur, hael en 'n groot geraas in hul boepense dra. En dan is daar wolke wat net hare, vere en wind rondsleep.

Het jy al gesien party wolke lyk nes iemand se hare wat in die wind rondwaai? Die San glo as iemand sterf word die persoon se hare wolke. As 'n voël sterf word sy vere ook wolke. Hierdie wolke gee nie reën nie, want hulle is net hare en vere. Daarom sweef hulle verby sonder om 'n druppel te laat val.

Volgens die San moet ons die wolke respekteer anders bring hulle nie vir ons reën nie.